

APRIL 1974

NR.

6

NO.

## Afskeid van die voorsitter

**T**YDENS die jaarlikse afsluitingsgeselligheid in Desember 1973 is ook afskeid geneem van Sy Edele Regter D. H. Botha en mev. Botha. Regter Botha was vanaf 1963 tot 1973 Voorsitter van die Raad van die Museum.

Op meegaande foto oorhandig die kunstenaar van die Museum, mnr. Sep Roos, 'n afskeidsgeskenk aan Regter Botha. Die veselglasreplika van 'n ouvolkie wat deur Sep gemaak en op 'n blokkie olienhout gemonteer is, het groot byval gevind.



## Uitstalling van Victoriana



**D**IE Ou Presidentswoning wat in 1885 opgerig is in Euniceweg, Bloemfontein, word tans deur die Staat gerestoureer.

Ten einde die aandag van die publiek pertinent hierop te vestig en steun te verwerf vir die hermeubilering – in die vorm van skenkings van voorwerpe of geld – het die Vereniging van Universiteitsvroue, die Stigting Ou Presidensie en die Nasionale Museum, met die samewerking van die tak Kultuurbevordering van die Departement Nasionale Opvoeding gedurende November 1973 'n uitstalling van Victoriana uit die tyd van die Presidensie aangebied in die kunsaal van die Nasionale Museum.

Benewens 'n aantal meubelstukke en breekware wat werklik in die Presidensie gebruik is, is verskeie stukke deur vriende geleen vir uitstalling.

Op die meegaande foto neem prof. J. J. Oberholster, Voorsitter van die Raad van die Nasionale Museum en die Stigting Ou Presidensie en mev. Lotte Pretorius, een van die ywerige medewerksters, plaas aan die eetkamertafel op die uitstalling. Die porseleincetservies op die foto het behoort aan president M. T. Steyn en is geskenk deur mev. Babs Ackerman van Pretoria. Dit het voorheen aan haar moeder, wyle mev. J. S. le Roux van Cricketstraat 10, Bloemfontein behoort. Die silwreetgerei op die foto het behoort aan sir John Fraser, eertydse voorsitter van die Volksraad van die Republiek van die Oranje-Vrystaat en is tans die eiendom van senator E. G. N. Bezuidenhout.

(Foto: Die Volksblad)

Voorbladontwerp

Jakkie Pretorius  
en/and

Cover picture

Johan Reyneke

## Kortkursus in gietwerk

**DIE NUWE TELEFOONNUMMER  
VAN DIE MUSEUM IS**

**79609**

**IS THE NEW TELEPHONE  
NUMBER OF THE MUSEUM**

'n **K**ORTKURSUS in gietwerk, wat veral ingestel is op die maak van mensfigure vir museumdoeleindes word vanaf 14 tot 17 Mei 1974 in die Museum aangebied.

Kursusgangers sal onder leiding van Sep Roos, die kunstenaar van die Museum, die geleentheid kry om self gietwerk te onderneem met rubber, gips en veselglas, sodat hulle later hul eie gietwerk sal kan onderneem.

## Antropologiese uitstallings

**W**ERK aan die nuwe vertoonkaste in die Dreyersaal vir Antropologie is onlangs hervat. 'n Reeks uitstallings oor die vondste by Matjesrivier en Florisbad is beplan. Ander uitstallings sal handel oor die primitiewe mens.

Tussen die Dreyersaal en A. C. Hoffman-saal vir Argeologie word twee uitstallings oor die bewerking van yster deur die primitiewe Bantoe gebou.